

# DIE HOËRSKOOLO WONDERBOOM

## *Nuusbrief*



### NETBAL:

20 Mei 2022

Netbal by die Hoërskool Wonderboom presteer pragtig, en dit is nie 'n wit leuentjie nie! Tot dusver het die Wonnies amper al die wedstryde gewen. Op Woensdag, 18 Mei 2022, het die Wonnies hul man gestaan, of mag ons maar sê hul vrou gestaan teen Pretoria Girls High School. Die Wonnies het 11 uit die 11 wedstryde gewen!

#### UITSLAE:

- 14A wen 14-6
- 14B wen 19-3
- 14C wen 11-8
- 15A wen 18-10
- 15B wen 17-8
- 15C wen 17-7
- 16A wen 25-9
- 16B wen 22-16
- 17A wen 20-5
- 19B wen 13-8
- 19A wen 45-10



INHOUD

NETBAL

INSKRYWINGS

TOETSREEKS

HOKKIE

RUGBY

VAPE-BELEID

WHATSAPP

## GRAAD 8 AANLYN-INSKRYWINGS – 2023

Die Graad 8 aanlyn-inskrywings vir 2023 **OPEN OP 22 JULIE OM 8:00**. Ouers het geleentheid **TOT 19 AUGUSTUS OM 00:00** om aansoek te doen. Suksesvolle aansoeke sal, vanaf die departementele aanlynstelsel, vanaf 3 - 31 Oktober 'n SMS ontvang.

Die volgende is uiters belangrik:

Ouers moet aanlyn aansoek doen by [www.gdeadmissions.gov.za](http://www.gdeadmissions.gov.za) óf hul dokumente by die skool ingee en die skool toestemming gee om namens u aanlyn aansoek te doen. Enige aanlyn aansoek, moet **BINNE SEWE DAE**, die volgende **GESERTIFISEERDE DOKUMENTE** oplaai op die aanlynstelsel of by die skool kom ingee:

1. ID-dokument van die ouer.
2. Suid-Afrikaanse geboortesertifikaat van die leerder.
3. Bewys van woonadres in die ouer se naam (Indien u aansoek doen op grond van u woonadres).
4. Bewys van werksadres van die ouer (Indien u aansoek doen op grond van u werksadres).
5. Laaste rapport van die leerder.

Ouers móét ook asseblief die **LEERDER INLIGTINGSVORM** (verkrygbaar by [www.wonnies.co.za](http://www.wonnies.co.za)) voltooi en kom ingee by die skool.

Die aanbeveling is dat ouers by **SLEGS EEN SKOOL IN U VOEDINGSAREA** aansoek doen. Indien 'n ouer by meer as een skool aansoek doen, word daar aangeneem u is tevrede met enige van dié skole as keuses en kan die leerder geplaas word waar daar plek is. Indien u by slegs een skool aansoek doen, is dit u eerste keuse waarmee gewerk moet word.



# TOETSREEKS:


Die toetsreeks begin binnekort, daarom wil ons vir elke Wonnie baie sterkte toewens met die toetse.

Hier volg 'n paar wenke om jou te help:


1. **Benodigdhede:** Jy moet daaglik mooi beplan watter vak se boeke, inligting, aantekeninge, skryfbehoeftes ens. jy moet saambring. Dit is nodig sodat jy sinvol, in die studieklas, kan sit en voorberei vir die dag of die volgende dag se toetse.
2. **Studierooster:** Beplan sinvol die tyd wat tot jou beskikking is in die studieklas. Gebruik die oggende voor 'n toets, as daar tyd is, om vaslegging rondom die werk wat jy geleer het, te doen. Jou rooster moet voorsiening maak vir elke dag en hou ook die volume werk van elke vak in gedagte.
3. **Inhoud van elke vak:** Daar word nie in die Hoërskool afbakenings gegee nie. Maak dus seker, voor die aanvang van die toetsreeks, dat jy alle werk in elke vak het en weet waaroor elke vraestel handel.
4. **Opsommings:** Gebruik kleurpenne/glinsterpenne om jou werk op te som. Dit maak dit interessant en jy sal makliker onthou.
5. **Gesondheid:** Tydens enige toets word 'n mens maar angstig. Kyk dus goed na jou eetgewoontes, oefen waar jy kan en verseker so dat jy gesond bly deur die hele toetsreeks.



I don't always study. But  
when I do,



I make sure my parents notice





## HOKKIE & NETBAL VS OVERKRUIN



STERKTE WONNIES!

Die Hokkie en die Netbal speel Vrydag ligawedstryde teen Hoërskool Overkruin en die Wonnies wil vir elke dogter wat uitdraf op die veld sê: “Hou moed, en werk hard!”

## RUGBY:

Die Tiers klop Hoërskool Pretoria Noord op Vrydag, 13 Mei 2022, met 'n telling van 29-22.

### UITSLAE:

15A wen 10-5

15B wen 17-12

16B wen 18-5

2e speel gelyk 10-10

1ste Span wen 29-22



# VAPE-BELEID

## Nuwe maatreëls rakende rook/vape (E-sigarette) op die skoolterrein:

Dit is die skool se taak om “in loco parentis” (in die plek van die ouer) op te tree terwyl ‘n leerder by die skool is. Die skool moet dus opvoedkundig verantwoordelik wees en die gebruik van sigarette/e-sigarette (vape) op die skoolterrein verbied, aangesien die wye reeks nadelige gevolge van die gebruik daarvan reeds duidelik bewys is. Indien ‘n leerder wel toegelaat word om by die huis te rook, vra ons dat ouers hierdie gewoonte beperk tot wanneer die leerder in hul toesig is.

Volgens maatreëls wat deur die Beheerliggaam goedgekeur is, is die volgende sanksies dus vanaf Vrydag, 13 Mei, van krag:

1. Die leerder word vir ‘n tydperk van twee dae geskors. Leerder mag slegs aanmeld by die skool om toetse te skryf.
2. Die leerder mag vir die tydperk van skorsing aan geen skoolverwante aktiwiteit deelneem nie.
3. Die vape/e-sigaret/sigarette word vernietig.
4. Die leerder ontvang ‘n inskrywing op D6: Rook op die skoolterrein.


Ons vra ouers en leerders se samewerking in hierdie verband

## OUER WHATSAPP-GROEPE:

### Ouer WhatsApp-groepe

Alhoewel dit baie behulpsaam is om aan kommunikasiegroepe te behoort, wil ons vra dat ons ouers met baie wysheid op sosiale mediagroepe sal kommunikeer. Dit is baie onwys om negatiewe kommentaar te maak of selfs vrae oor personeel op WhatsApp-groepe te vra. Hierdie vrae het dikwels ‘n negatiewe ondertoon of motief en as dit eers onder die kinders se aandag kom dat onderwyspersoneel onder ouers bespreek word, word die kind die verskoning gebied om onderprestasie aan die onderwyser toe te skryf. Elke kind en ouer moet individueel verantwoordelikheid neem om enige skoolverwante aangeleentheid persoonlik met die personeel lid op te neem. Ons kan nie verwag dat kinders met ‘n leersame verwagting na die klas van ‘n onderwyser moet gaan wanneer ouergroepe daardie persoon in ‘n negatiewe lig stel nie.

Vriendelike groete



Mnr. M. Lezar

Skoolhoof

